# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (28/15)

justchad_cga

*Justin Chadwick (24 Julie 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Any man who afflicts the human race with ideas must be prepared to see them misunderstood" H L Mencken***

## SUID-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF GEE TRANSFORMASIE 'N HUPSTOOT MET DIE "CITRUS GROWER DEVELOPMENT COMPANY"

Die Sitruskwekersvereniging (CGA) van Suid-Afrika het hierdie week 'n "Grower Development Company" gestig met die oog daarop om transformasie in die sitrusbedryf aansienlik te verbeter – en om volhoubare ondersteuning aan ontwikkelende swart sitrusprodusente te verskaf. Dit is ongelukkig so dat baie goed bedoelde herverdeling van grond en restitusie inisiatiewe daartoe gelei het dat plase verwaaloos weens 'n tekort aan vaardighede, onvoldoende fondse en bestuurskennis onder begunstigdes. As voorbeeld, opkomende produsente moes baie ongekende probleme in die gesig staar in hul pogings om sitrus susksesvol uit te voer. "n Afwesigheid van belangrike finansiële en bestuursvaardighede onder produsente is ook 'n hindernis vir produsente se vermoë om toegang tot krediet te verkry, om beter besigheidstransaksies te onderhandel en mededingend te bly. CGA se "Grower Development Company" sal die stigting en groei van volhoubare en winsgewende swart sitrus produsente ondersteun met markskakeling om voedselsekuriteit, werk en welvaartskepping te verseker. Die nie-winsgewende maatskappy sal aanvanklik subsidie van die CGA vir 4 jaar, met aanvang in 2015, ontvang. Die R6 miljoen wat vir 2015 geoormerk is, sal teen 5% per jaar eskaleer vir die volgende drie jare. In lyn met sy visie om die ontwikkeling van swart produsente te ondersteun, is die maatskappy se kern fokus-areas van ondersteuning as volg:

Produksie infrastruktuur en tegniese ondersteuning; Besigheidsbestuursondersteuning; Fasilitering van toegang tot befondsing; Fasilitering van marktoegang; Projekbestuur deur sosiale fasilitering. Die maatskappy sal ook fokus op die bevordering van die betrokkenheid van vroue, jeug en gestremde persone in die sitrusbedryf.

## CITRUS BLACK SPOT-SUID-AFRIKA SKORT DIE HANDEL VAN ORGANIESE SUURLEMOENE NA DIE EU OP

Die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf het na 'n vergadering met die organiese suurlemoenprodusente besluit om pro-aktief die pak van organiese suurlemoene vir uitvoer na die Europese Unie (EU) op te skort. Hierdie voorgestelde opskorting – met onmiddelikke effek - sluit die produsente van pesvrye areas uit.

Die besluit kom na die EU die Suid-Afrikaanse Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) in kennis gestel het van 3 besendings van Suid-Afrikaanse organiese suurlemoene met Citrus Black Spot (CBS).

Vandag se besluit om die (kategorie) kommoditeit te "ring-fenced" en enige moontlike risiko wat hieruit kan spruit te verwyder, was nie 'n maklike besluit nie. Verder kom dit met 'n duur prys en finansiële verliese vir organiese produsente. Die Suid-Afrikaanse bedryf loof hierdie produsente vir die toon van hierdie soort van verantwoordelike gedrag en leierskap.

## CITRUS BLACK SPOT – SUID-AFRIKAANSE KUNDIGES BESOEK DIE EU

Op dieselfde tyd hierdie week is Suid-Afrikaanse sitruskundiges in Europa om die prosedures wat gebruik word om CBS te identifiseer te ondersoek, en om te verstaan hoe die prosedures toegepas word. Die afvaardiging is deur DG Sante (The EU Directorate-General for Health and Food Safety) uitgenooi, sowel as deur Spanje, Italië, Frankryk, die Verenigde Koningryke en Portugal.

Die afvaardiging se doel is om die agtergrond wat aanleiding tot die onderskeppings gee, te verstaan met die oogmerk om ons voortgesette proses om risiko te bestuur, te ondersteun. Die uitnodiging is verder uitgebrei om die plaaslike Suid-Afrikaanse bedryf vertroue te gee in die metodes wat gebruik word vir EU inspeksies en onderskeppings. Die Suid-Afrikaanse span is 'n afvaardiging wat deur DAFF gelei word en sluit verteenwoordiging van die Landbounavorsingsraad en Citrus Research International in.

Ons verwag dat hierdie besoek lig sal werp op hoe Suid-Afrika potensieel ons reeds omvattende CBS risikobestuursprogram kan verbeter. Bykomend sal hierdie reis ook 'n geleentheid bied vir belangrike gesprekke rakende die risiko wat deur die nie-lewendige CBS ingehou word, as deel van die EU inspeksie en onderskeppingsproses.

**Die onderliggende saak:** Die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf het baie moeite gedoen en enorme kostes aangegaan om nakoming te verseker en 'n verbintenis om die EU se vereistes na te kom. Dit het nuwe toetsprosedures ingesluit sowel as 'n omvattende CBS risikobestuursprogram. Die onderliggende probleem met CBS is dat, ten spyte van die aansienlike pogings wat deur die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf as 'n geheel gemaak is, geen ooreenkoms nog met die EU sedert 1992 bereik is oor die risiko dat CBS deur vrugte na sitrusboorde in die EU versprei kan word nie. Die CGA, tesame met sy vennote in die Suid-Afrikaanse regering, bly verbind om saam met die EU owerhede te werk na 'n langtermyn oplossing wat die voortgesette lewensvatbaarheid van hierdie belangrike uitvoermark vir die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf, sal verseker.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 29 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 16.4 m | 14.1 m | 14.4 m | 13.1m | 13.5 m | 15.3 m | 14.6 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 6.2 m | 7.6 m | 7.3 m | 7.0 m | 6.7 m | 10.0 m | 9.6 m | 10.0 m |
| Suurlemoene | 8.8 m | 11.5 m | 12.4 m | 10.0 m | 10.9 m | 13.6 m | 13.8 m | 13.2 m |
| Nawels | 20.8 m | 19.7 m | 19.5 m | 16.7 m | 16.8 m | 25.1 m | **23.0 m** | 26.0 m |
| Valencias | 12.2 m | 12.0 m | 12.2 m | 6.2 m | 6.7 m | 49.1 m | 49.1 m | 50.9 m |
| Totaal | 64.4 m | 64.9 m | 65.7 m | 53.0 m | 54.6 m | 113.1 m | 110.1 m | 115.7 m |

**Produsente in suider-Afrika het in hul toekoms belê deur die stigting en voortgesette befondsing van die CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC en CITRUS ACADEMY**